Meltwater
Outside Insight



**Publication:** Landbouweekblad - Inside
**Title:** `n Goeie week
**Publish date:** 07 Mar 2024
**Page:** 8

**Reach:** 11761
**AVE:**R 48215.57
**Author:** Chris Burgess

LBW Anderkant die reënboog



# 'n Goeie week

Op pad Bothaville toe lyk die mielies toe genadiglik glad nie sleg nie. Hier en daar is daar wel kolle waar blare begin opkrul en daar's 'n strook wat die hael bygekom het, maar die grootskeepse verwoesting van elders is ons darem gespaar.

Suid-Afrika se moeilikheid strek natuurlik altyd verder as hitte en mielies. Die hele land is nou al jare lank kwaai in die pekel. Die platteland is in baie opsigte in groter moeilikheid as elders. Ná jare se afwesige en by tye misdadige munisipale bestuur is die grootste gevaar dat die agteruitgang en verval aanvaar word. Dat dit alledaags word.

Sowat 400 van ons is deur die mielielande op pad Nampopark toe juis om te gaan luister na 77 sprekers wat nie bereid is om dié plattelandse verval te aanvaar nie. Van elke uithoek van Suid-Afrika. Mans en vroue wat hul voet dwars sit en een of ander plattelandse probleem eenvoudig trompop loop.

Die twee dae lange konferensie begin met die energieke Hendri Truter. Die jong baas van Deli-Co. Daardie besonderse en reuseskaapvleisbesigheid van Riebeek-Kasteel. 'n Familiebesigheid wat omgee vir mense en die gemeenskap.

Die eerste van 'n rits stories oor die landbou as die platteland se ekonomiese spilpunt. Van streeksvarsproduktemarkte wat welvaart skep tot vennootskappe tussen wit en swart boere wat die ekonomiese koek groter maak en kommunale gemeenskappe weer hoop gee.

Dit is 'n punt wat Wandile Sihlobo, hoofekonoom van Agbiz, ook later maak: Die landbou is drie tot vier keer suksesvoller om armoede te verlig as enige ander ekonomiese sektor. Binne die konteks van Suid-Afrika maak dit boere en hul werkers onvervangbaar.

Elke denkbare probleem word aangepak. Daar's oom Henry Coetzee en sy boerepêlle se kliniek op Prieska, Bonnievale se multimiljoenrandse wonderwerkskool en Greytown se wêreldklasbeheersentrum wat eers die KwaZulu-Natal onluste gekeer en toe die hartklop van 'n gemeenskap geword het. Ouetehuise, kinderhuise, hospitale, skole en paaie.

Daar's groot planne, soos Frankfort se sonplaas en pogings daar deur die gemeenskap om hul dorp by die stembus weer terug te vat. Ook kleiner, maar ewe belangrike planne. Soos die insigte oor kosbestanddele vir 'n groep kerke se sopkombuis wat duisende mense voed.

En dan is daar nuwe planne. Die dominee wat sy kerk se geboue en infrastruktuur voortaan aan almal wil beskikbaar stel – van klein besighede tot gemeenskapsdienste.

Die stories is altyd dieselfde. Iemand sien iets raak. Hulle begin klein. Dit raak groot. Die impak nóg groter. Nie net op 'n fisiese vlak nie, maar miskien belangriker, op 'n geestelike vlak. Mense neem verantwoordelikheid terug en besef hulle gaan oukei wees. En dit beteken die land gaan oukei wees.

Soos die oud-Graan SA man Jannie de Villiers dit so mooi beskryf: Dit is nie die ou Suid-Afrika nie, ook nie die nuwe Suid-Afrika nie. Dit is die régte Suid-Afrika! Gewone mense wat elkeen aan 'n bepaalde stukkie van die land se legkaart werk. Ons elke dag 'n treetjie nader neem na 'n Suid-Afrika wat werk en wat welvaart en geluk skep.

Net ná die konferensie kom die tyding van Hendri se broer Frederick se onverwagse afsterwe. 'n Kollega vertel my hoe hulle as familie nog die Sondag by Deli-Co se deli gekuier het. Hoe Frederick sy twee jong dogtertjies bederf het met gratis lekkernye uit die kombuis.

Plattelandse mense. Omgeemense. Planmakers. Suid-Afrikaners. Die land is bitter trots op julle. En dankbaar. – **CHRIS BURGESS**



SUIWEL

Die spesialiskoffiebedryf bars uit sy nate. Die Zaaiberg-melkery in die suide van Mpumalanga het reeds die geheim vir skuimbare melk onder die knie in sy kudde en die Klingenbergs kry nou 'n premieprys vir hul melk.
*FOTO: LLOYD PHILLIPS*

## Volgende uitgawe

**Artikels & rubrieke**

- Wynlandgoed met minimale koolstofspoor wil nóg verbeter
- **Derek Mathews:** Hoe oorleef boere die droogte?
- Droog rosyne aan stok vir minder risiko's
- Rugbesering lei tot boereplanmaker
- Wetenskaplike boerdery floreer diep in die ou Kalahari
- In 'n land van baristamelk en heuning
- Swaargewigstrategie laat CNH die kol voluit tref
- **Boereplan:** Spuitdip maak skaapdip kinderspeletjies

**Spesiaal**

- Gewasse
- Vee

**Gesin**

- Wat eet ons vanaand?


www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.